

10

SIEKEBESOEK

Vertrou God se krag

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet leer om afhanklik en dankbaar te bid.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat God mense hoop kan gee en dat Hy hulle kan genees.

Gesindheid

Die kinders moet God vertrou vir die uitkoms van hul gebede.

Vaardigheid

Die kinders moet 'n sieke kan besoek.

MEER INLIGTING (Jakobus 5: 13-19)

Siekte is nie 'n straf wat oor 'n mens kom vir 'n spesifieke sonde nie. Ons hele wêreld is stukkend. Die stukkendheid raak almal se lewens die een of ander tyd. Dit raak ons deur siekte, droogte, ensovoorts. Wanneer slegte dinge oor ons lewens kom, verloor God nie beheer daaroor nie. Nee, as 'n slegte ding op ons pad kom, is God alreeds daar om ons by te staan. Hy kan die slegte ding dan juis gebruik om ons nog nader aan Hom te bring. Dan besef ons hoe goed Hy vir ons is en hoe afhanklik ons van Hom is.

Jakobus sê ons moet iemand wat siek is met olie self en vir hom bid. In die Bybelse tyd is olie as medisyne gebruik. Olie is ook gebruik as simbool van God se Gees. In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Lukas 10: 25-37) is olie as medisyne gebruik. In 1 Samuel 16: 1-13 is dit ook gebruik om konings mee te salf. Olie is dus enersyds geneesmiddel en andersyds simbool vir die Gees van God.

Hierdie riglyne van Jakobus beteken natuurlik nie dat ons nie na die dokter toe moet gaan as ons siek is nie. Die dokters is immers instrumente in God se hand. Hulle is die geneeshere. Die medisyne, die *olie*, is die geneesmiddels wat die Here gee. Gelowiges moet nooit net die dokter raaksien nie, maar altyd beseft dat dit die Here is wat die dokters en die medisyne gebruik. Daarom moet 'n mens nie eers vir siekte begin bid wanneer die medisyne nie meer werk nie. Nee, God is van die begin af die een wat gesond maak. Ons is afhanklik van Hom en vertrou op Hom.

Om “gelowig te bid”, beteken nie dat 'n mens net hard genoeg moet glo sodat die persoon gesond moet word nie. Gelowig bid beteken dat jy God vertrou. Jy sê nie in die eerste plek vir God wat jy wil hê nie, maar jy vra Hom wat Hy wil hê. Jy vra dat God se wil sal geskied en jy laat die afdloop daarvan in sy hande.

Wanneer iemand gesond word en as ons self gesond is, dan dank ons die Here vir sy goedheid in ons lewe. As iemand nie dadelik herstel nie, bly ons hom ondersteun omdat ons vir hom omgee. Op dié manier skep die sieke hoop en bly hy afhanklik van die Here, ook gedurende sy siekte.

AANBIEDING

- Vind by die dominee uit wie tuis, in die ouetehuis of in die hospitaal siek is by wie julle Sondag kan gaan besoek aflê.
- Twee of drie besoeke is voldoende, maar nie meer as 'n besoek vir elke kind wat daar is nie.
- Indien die dominee saam met julle kan gaan, reël met hom of haar.
- Reël met die ouers dat daar voldoende vervoer is.
- Reël met die dominee om klas aan te bied indien moontlik.
- Reël voor die tyd met die betrokke gesin waar daar siekte is, of as julle ouetehuis of hospitaal toe gaan, reël voor die tyd met die verantwoordelike persone by die instansie dat julle kom.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed en vra dat die Here die besoek aan siek mense sal seën.

HET HULLE ONTHOU?

- Bespreek hoe hulle in hul gesinne gedurende die week 'n verskil in mekaar se lewens gemaak het met *wat* hulle en *hoe* hulle met mekaar gepraat het.
- Het dit 'n lewenswyse in hul huis geword, of het hulle dit gou vergeet?
- Kontroleer of hulle Efesiërs 4: 29a gememoriseer het: *Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is...*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Verduidelik dat hulle vandag saam met jou en die dominee siekes tuis, in die ouetehuis of hospitaal gaan besoek.

IETS INTERESSANT

Vra die dominee, of behandel self MEER INLIGTING hierbo met hulle.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by hulle in:

- Ons gaan dokter toe en gebruik medisyne as ons siek is, maar God is die belangrikste geneesheer.
- Siekte is nie straf nie, maar gebeur met almal.
- God gee mense hoop en Hy genees hulle.
- Ons moet afhanklik van God bid vir genesing en Hom dank as dit beter gaan.
- God gebruik ons om mense op te beur, te help en vir hulle te bid.

IETS OM TE DOEN

- Elke kind gaan tydens die besoek die geleentheid kry om vir een of meer pasiënte 'n kaartjie met 'n glimlaggesiggie uit te deel.
- Maak seker dat elke kind sy of haar kaartjie saamgebring, ingevul en ingekleur het.
- Vertrek saam met of sonder die dominee en gaan doen die siekebesoek by die mense met wie daar gereël is.
- Reël met elke kind wanneer hy of sy die kaartjie gaan uitdeel.
- Jy of die dominee neem leiding by elke besoek.
- Wie ook al die gebed by die pasiënt doen, moet maklik verstaanbare taal gebruik sodat die kind dit kan verstaan.
- Na die besoek word die kinders afgelaai waar met hul ouers gereël is.

BY DIE HUIS

Doen

Herinner elke kind om in die komende week –

- iemand wat nie goed voel nie, met sy of haar vriendelikheid op te beur.
- vir daardie persoon te bid.
- self met die hulp van sy of haar ouers vir 'n pasiënt in die hospitaal te gaan kuier.

Leer

Laat hulle Jakobus 5: 15a gaan memoriseer:

En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak.

AFSLUITING

Sluit nou reeds af met Gesang 284: 1 as gebed.

*Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.
Amen.*